

DONDERDAG 4 JUNIE

SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: 1 KORINTIËRS 10:1-22

Pas op!

Dit is asof Paulus net nie genoeg teen selftevreidenheid onder Christene kan waarsku nie. Hier is nog 'n vorm daarvan: valse gerustheid.

Die voorbeelde uit Israel se geskiedenis in die Ou Testament spreek boekdele. As uitverkore volk het hulle in God se verlossing, sy sorg, beskerming en genade gedeel (vs 1-4). In Nuwe-Testamentiese taal was hulle “belydende lidmate” van Christus se kerk, gedoop en gereeld gevoed met die Woord van God en sy liefdesorg – soos ons.

Tog het die meeste van die volwassenes wat uit Egipte verlos is, Kanaän nie beërwe nie. Hulle is langs die trekpad deur God verdelg weens hulle afgodery en sedeloosheid, asook hulle uittarting van en opstand teen hulle getroue Verbondsgod ... (vs 7-10).

Die dinge wat Israel op die woestynpad na Egipte en Kanaän gedoen en oorgekom het, is tipies van kerkmense se valse gerugtheid. Die woord “voorbeeld” is in Grieks “tupos”: “tipe, tipies” in Afrikaans (vs 6, 11). Ons is mos gered en ons is tog gedoop. Ons is sekerlik immuun teen die bese en sy ryk. God verseker ons tog dat Hy ons nie uit sy Vaderhand sal laat glip nie!

Om 'n bietjie met Oosterse mistiekrituele te speel, is tog seker nie gevaarlik nie? Om gereeld te kyk na wat “my sterre” voorspel, is blote pret. Om te praat van “die gode”, “dank jou sterre”, die “noodlot” maak my tog seker nie van my 'n heiden nie? 'n Buite-egtelike verhouding sal my darem nie in die hel laat beland nie ...!

Pas op: “Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie” (vs 13).

Sing: Skrifberyming 43:4

Ds. J (Johan) Botha (Emeritus)